Van Zylstraat 2, Posbus 205, Robertson, 6705 * Tel: (023) 626 3140 Faks: (023) 626 3268 * E-pos: sek@herberg.co.za (algemeen) * petro@herberg.co.za (bemarking)

Die Herberg Kinderhuis Nuusbrief

NOVEMBER 2014

www.herberg.co.za No. 2/2014



MTB FIETSTOER TEN BATE VAN KINDERHUIS

Vir die tweede agtereenvolgende jaar het die CA2CX MTB toer plaasgevind ten bate van die Kinderhuis. Die toer vind volgende jaar vir die 10de keer plaas. 34 Fietsryers van oral oor die land het op 28 Junie weggespring by Meerendal. Daar is daagliks ongeveer 120 km gery. Altesaam 647 km. Dag een het gestrek van Bellville tot Worcester. Daar is oornag by Worcester Golden Casino Lodge. Dag twee se roete het deur plase geloop na Montagu. Op Robertson is die Kinderhuis besoek waar daar heerlike kos voorsien is deur die plaaslike Spur. Op Montagu is oornag by Mimosa Lodge. Die derde dag se roete het gestrek tot op Warmwaterberg. Van Warmwaterberg is daar oor Oubergpas gery na Calitzdorp tot by Uhuhuru. Die dames van NGK Calitzdorp het die manne en vroue trakteer op heerlike gevulde pannekoeke. Dag vyf se roete was tot op George. Die laaste skof is aangepak op dag ses na Knysna waar daar oor die sewe passe gery is met die pragtigste natuurskoon. Die toergroep het ook deelgeneem aan die 50 km wedren by die Oesterfees waar die tjek oorhandig is van die fondsinsameling.

Hierdie is 'n belewenis vir elke MTB fietsryer. Kontak Petro by e-pos: petro@herberg.co.za indien u wil deelneem aan die toer van 2015.

UITREIKAKSIES

Die leerlingraad van die kinderhuis in samewerking met Gemeenskapspolisieringsforum CBD Robertson reik uit na hawelose mense in Robertson gedurende Mei. Broodjies en sop is tydens die uitreiking uitgedeel en bemoedigende gesprekke is gevoer. Hierdie ervaring het ons kinders bewus gemaak van hul eie voorregte.

Die kleuter dogters het op 14 Augustus klere gaan uitdeel aan die Vinkrivier gemeenskap. Dit is'n sendingorganisasie.
Hierdie ondervinding was vir die kinders 'n bewusmakingsgeleentheid waarin hulle blootgestel was aan ander se nood. Ons kinders besef ons moet dit wat ons het waardeer.